NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

4 November 2022: Nr 38/2022

Warmnuus

❖ Sinodesitting

Moderatuur vir die nuwe termyn

Fanie Cronje [Addisionele lid], Bernice Serfontein [Addisionele lid], Attie Nel [Tydelike aktuarius tot Februarie 2023], Dewyk Ungerer [Moderator (voorsitter)], Rehan Rheeder [Saakgelastigde], Lizl-Louise Schoeman [Assessor (O/voorsitter)], Paul Grobler [Direkteur]

Terugblik

Dewyk se indrukke is op video vasgele. Kliek hier vir die Kerkbode se verslag en video.

Geheelbeeld van Noordelike Sinode

'n Treffende video is tydens die afgelope Sinodesitting vertoon. Gemeentes word aangemoedig om dit so wyd as moontlik te versprei. Daar is drie opsies:
Opsie 1 – Afrikaanse subtitels – https://youtu.be/xy3w0NwbWaY
Opsie 2 – Engelse subtitels – https://youtu.be/ytMSqATjTnM
Opsie 3 – Geen subtitels – https://youtu.be/TdqxaduVh1E

❖ Melodi ya Tshwane en Pretoria word een

Na 'n lang reis het die VGKSA Melodi ya Tshwane en NG Pretoria (Bosmanstraat) op Hervormingsondag (30 Oktober 2022) een geword.
Kliek hier om die artikel in die Kerkbode te lees.

Foto: Fokase Fokase, predikant van VGKSA Melodi Ya Tswhane, en Francois Smit, predikant van NG Pretoria, is op die preekstoel nadat drie kerse aangesteek is. Die twee kleiner kerse verteenwoordig die twee denominasies en die groter kers die nuutgevonde eenheid.

Sinodenuus

❖ Die beste manier om brandstof te bespaar

Peet Crous, leraar van Lynnwood, gaan maandeliks vir ons 'n rubriek skryf oor Ekologie.
"Net agtien maande gelede was die brandstofprys ongeveer 60% van wat dit nou is. Die probleem is dat ons steeds moet beweeg, al kan sommige van ons grotendeels vanuit die huis werk. Behalwe dat brandstof duur is, besoedel voertuie se uitlaatgasse die atmosfeer…"
Kliek hier om verder te lees.

❖ Abraham Kriel Kinderhuis, Nylstroom

Gerda van der Merwe, Uitvoerende Hoof skryf: "Ons as Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom het die geleentheid gekry om 60 van ons kinders wat nie vir die vakansie kan uitgaan nie, na Port-Elizabeth te neem…Vir bykans 90% van die kinders gaan dit die eerste kennismaking met die see wees…" **Kliek hier** om verder te lees.

* Daar is egter produkte/artikels wat benodig word: Beskuit, koekies, swemklere, swemhanddoeke en sakgeld. Gemeentes kan dalk hiermee help – kontak Gerda by hoof@akknyl.co.za of skakel haar by 014 717 5264/5.

❖ Tekslees met 'n verskil

Dinsdag 8 November
Skriflesing: Lk 21:5-19
Kobus Myburgh is inviting you to a scheduled Zoom meeting.
Topic: Tekslees
Time: This is a recurring meeting Meet anytime
Join Zoom: https://us06web.zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478; Passcode: 453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Beroep/Bevestiging

Arend Hattingh het die beroep na Daspoort as Tentmakers aanvaar en sy bevestiging vind op *6 November* tydens 'n spesiale aanddiens plaas.

Ryno Hurn [Valhalla] het die beroep na Harmonie, Kimberley aanvaar. Sy afskeidspreek vind op *27 November* plaas.

❖ Verjaarsdagwense

03/11 Eric Scholtz [Lynnwood]
04/11 Gerhard Bothma [Beroepbaar]
05/11 Johan Scholtz [Montana]
06/11 Paullet Grobler [Pierneef]
07/11 Stanley Theron [Emeritus]
11/11 Marius Hunter [Northam]
Frans Burger [Rietfontein-Noord]
Jan Cronjé [Emeritus]
12/11 Nico Behr [Emeritus]
Theuns Kriek [Emeritus]

31/10 Rika Lübbe [Eggenote van Paul Lübbe, Montana]
03/11 Lizanne Roux [Eggenote van Dewald Roux, Vorentoe]
05/11 Desiree Oosthuyzen [Eggenote van Theo Oosthuyzen, Marikana]
06/11 Dianda Snyman [Eggenote van Fritz Snyman, Universiteitsoord]
07/11 Ilze Meyer [Eggenote van Tjaart Meyer, Pieterburg-Oos]
08/11 Erika Lemmer [Eggenote van Louis Lemmer, Magalieskruin]
09/11 Angelique Jordaan [Eggenote van Pieter Jordaan, Rustenburg-Bergsig]
10/11 Ilse de Beer [Eggenote van Frans de Beer, Springbokvlakte]
12/11 Hannalie Kriek [Eggenote van Theuns Kriek, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Marondera-Rusape [01/11/1951]
Tuinrand [04/11/1960]
Koedoeskop [04/11/1957]
Montana [06/11/1974]
Wesmoot [06/11/1954]
Levubu [07/11/1972]
Haakdoorn [12/11/1976]

❖ Ring ondersteun KANSA

Die gemeentes in die **Ring van Sesmylspruit** bied van *2-3 Desember* 'n KANSA relay for life aan, waartydens ons die stryd van Kankerstryders en -versorgers vier. Hierdie internasionale geleentheid word ook in baie stede van Suid-Afrika aangebied ter bewusmaking en erkenning van die stryd wat kankerlyers en oorwinnaars voer, asook die versorgers en ondersteuners om hulle se stryd. Die Relay for life word deur die aand, tot volgende oggend van 2 Desember, vanaf 18:00 to 6:00 die volgende oggend aangebied.]
* **Video**: https://www.youtube.com/watch?v=NA4h9srDghQ
* **Inskrywings en info**: https://bit.ly/CANSArfl22

❖ Eerstejaarskamp 2023

Universiteitsoord skryf: Jy is op die regte plek om in te skryf vir Universiteitsoord se Eerstejaarskamp in 2023.
Datums:
* Eerstejaarskamp: *30 Januarie - 3 Februarie 2023.*
* Personeelkamp (senior studente): *27 - 29 Januarie 2023*
Al die inligting oor die kamp verskyn hier: https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Volledige jaarprogram vir 2022
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
14 – 17 November; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Die jaar van God se genade

Die vierde van vanjaar se kreatiewe aanlyn werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar
15-16 November 08:30-16:30
Daar word saam gedink en saam gewerk aan die viering van: *Advent en Kersfees; Epifaniefees en die Sondae ná Epifanie*.
Aanbieders: André Bartlett en Anandie Greyling.
VBO: 20 punte
Sluitingsdatum: *11 November*
Kliek hier om in te skryf: https://forms.gle/QbygSEYnr4B9qxcT8

Ander nuus

❖ Post-Doktorale studiebeurs beskikbaar

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate uit om aansoek te doen vir 'n post-doktorale studiebeurs in die Departement Praktiese en Missionale Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat.
Kandidate wat daarin belangstel om 'n akademiese of professionele loopbaan gefokus op empiriese navorsing te volg, met ‘n besondere navorsing belangstelling in gemeente studies en leierskap binne die Suider-Afrikaanse konteks, word aangemoedig om aansoek te doen. [**Kliek hier** vir die volledige inligting]

❖ Bybel-Media

Kategeseprodukte vir 2023:

Senior fase - Bybel-Media se kategesereekse vir die senior fase is spesiaal ontwerp en beplan vir vandag se jongmense. Dit leer hulle wat dit beteken om 'n volgeling van Jesus te wees, selfs wanneer die regte lewe moeilik raak. Gratis aflaaibare materiaal: 9 maniere om jongmense by die kerk te betrek.

Belydenisfase - Bybel-Media se kategesereeks vir jongmense wat belydenis van geloof gaan aflê, is presies wat hulle nodig het om hulle voor te berei vir hierdie groot mylpaal in hulle lewe. Die reeks bevat ook gesprekgidse. **Kliek hier** vir gratis aflaaibare materiaal: 12 wenke om die kinders welkom te laat voel. Vir die katalogus vir 2023 kategese 2-6 jariges **kliek hier.**

❖ Kerkbode

Wetgewing en Afrikaans as geloofstaal: 'n Taal is 'n tuiste en in die konteks van godsdiens word taal ook 'n geloofstuiste, skryf dr Gustav Claassen. "Taal, en spesifiek Afrikaans, is vir die NG Kerk 'n uiters belangrike voertuig om geloofswaarhede te kommunikeer en in te aanbid," skryf die algemene sekretaris van die NG Kerk. Hy gee lidmate konteks vir besluitneming oor die Konsepwysigingswetsontwerp op onderwyswette (BELAB). **Kliek hier** om die artikel onder die opskrif "Uit Gustav se pen" te lees.

❖ Vakatures

Kerkbode: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Rietfontein-Noord

Musiekbedienaar - Die gemeente is opgewonde om jou uit te nooi om ons nuwe musiekbedienaar te word!
Kliek hier vir die volledige advertensie As hierdie uitnodiging met jou praat, kontak vir Tiaan (0845128243 / tiaanvanniekerk@gmail.com) of Frans (0795243864 / ekfrans@gmail.com) voor *20 November* 2022. Ons sien uit om jou te ontmoet!

Naskrif